Dr. Hannes Janse van Rensburg (Zuurfontein in Kemptonpark*)

As 'n gemeente sy roeping verloor

Interimfasilitering as begeleiding op 'n geloofsreis

Interimbediening en toerusting

Wat gebeur wanneer 'n gemeente so besig raak om te oorleef dat daar al hoe minder gevra word waarom God ons in die eerste plek geroep het? Kerkrade vergader, begrotings word bespreek, geboue moet onderhou word, lidmaatgetalle daal en fondsinsamelingsprojekte volg mekaar op. Intussen bly die vraag oor die gemeente se roeping dikwels onbeantwoord.

Die gevaar is dat ons só besig raak met die instandhouding van die kerk dat ons vergeet dat die kerk nie aan haarself behoort nie. God roep sy kerk om deel te neem aan sy sending in die wêreld. Juis hier lê die waarde van interimfasilitering, begeleiding en toerusting: om gemeentes te help om te midde van ingrypende verandering weer te luister na God, hulle werklikheid eerlik te ondersoek en hulle roeping opnuut te ontdek.

Die "GGG"-vrae: simptoom van 'n dieper krisis

Gemeentes leef vandag in 'n veranderde wêreld. Die invloed van die Christendom neem af, generasies verskil in hulle verwagtings en die verhouding tussen kerk en gemeenskap het verander. Finansiële druk, dalende lidmaatgetalle en die vraag na volhoubare bediening en diens plaas gemeentes voor moeilike keuses.

Ons reageer dikwels met bekende vrae: Hoe kry ons jongmense terug in die kerk? Hoe hou ons ons geboue in stand? Hoe verhoog ons ons inkomste? Hierdie vrae is nie onbelangrik nie, maar word gevaarlik wanneer hulle die vertrekpunt en einddoel van gemeentelike bediening en diens word. Die uitdagings rondom geboue, getalle en geld – die sogenaamde GGG – is dikwels simptome van 'n dieper krisis. Wanneer 'n gemeente hoofsaaklik op oorlewing konsentreer, kan sy haar missionale identiteit verloor. Dan word die gemeente 'n instelling wat haar eie voortbestaan probeer verseker, eerder as 'n geloofsgemeenskap wat haar deur God gestuurde roeping uitleef. Die vraag is daarom nie hoe ons die storm kan laat verdwyn nie, maar hoe ons binne hierdie storm getrou aan God se sending, die *Missio Dei*, kan kerk wees.

Nommerpas interimbediening en fasilitering

My ervaring met interimfasilitering, begeleiding en toerusting in plaaslike gemeentes het my geleer dat gemeentes nie bloot nog 'n program of 'n



Hannes van Rensburg

klaargemaakte antwoord nodig het nie. Wanneer mense vasgeloop voel, is die versoeking groot om 'n deskundige te verwag wat die probleme met 'n eenvoudige plan sal oplos. Gemeentes is egter nie almal dieselfde nie. Elke gemeente het 'n eie geskiedenis, karakter, konteks, verhoudings en uitdagings. Wat in een gemeente werk, kan in 'n ander misluk. Daarom bied interimfasilitering nie 'n universele resep vir gemeentelike sukses nie. Dit skep eerder ruimte waarin die gemeente self kan onderskei wat God in hulle besondere omstandighede vra.

Die fasiliteringsproses

Die fasiliteerder stap saam met die gemeente, stel vrae, help om gesprekke te struktureer en begelei die proses van

onderskeiding. Die doel is nie om besluite namens die gemeente te neem nie, maar om lidmate, kerkraad en predikant toe te rus om verantwoordelikheid vir hulle eie bediening te aanvaar. Dit verg geduld. Verandering gebeur nie oornag nie. Soms moet 'n gemeente eers haar verlede verwerk, die hede beter verstaan en eerlik erken wat nie meer werk nie, voordat sy met vertroue vorentoe kan beweeg.

Een van die belangrikste vertrekpunte in hierdie proses is om te luister. Dit klink eenvoudig, maar in die praktyk is dit dikwels een van die grootste uitdagings. Ons is gewoond daaraan om ons eie menings te lug, oplossings voor te stel en ander te probeer oortuig. In gemeentes praat lidmate, predikante en kerkrade soms oor mekaar sonder om werklik mét mekaar te praat. Interimfasilitering help om ruimte te skep waarin mense gehoor word en verskillende perspektiewe veilig na vore kan kom.

Verantwoordelike roepingsvervulling

Dit begin egter nie by mense se menings nie. Die gemeente moet weer leer om na God te luister. Deur geloofsonderskeiding, gebed en die gesamentlike lees en oordink van die Woord word die vraag nie bloot: "Wat wil ons graag hê?" nie, maar: "Waarheen roep God ons?" Die praktyk van Wandel in die Woord kan gemeentes help om hierdie luisterproses doelbewus te beoefen. Dit vra ook eerlikheid oor onsself. Gemeentes moet bereid wees om hulle aannames, gewoontes, vrese en gevestigde belange te ondersoek. Soms lê die grootste struikelblok nie buite die gemeente nie, maar in die manier waarop ons oor onsself en ons bediening dink. Waar mense begin luister, ontstaan ruimte vir herstel en nuwe verhoudings. Die relasionele dimensie van gemeentelike bediening is daarom onontbeerlik. Gesonde gemeentes word nie net deur strukture, programme en goeie organisasie gebou nie, maar deur mense wat mekaar vertrou, verantwoordelikheid aanvaar en saam onderskei.

Gesonde begeleiding

Gesonde leierskap beteken nie dat die predikant of kerkraad al die antwoorde moet hê nie. Dit beteken dat leiers bereid is om saam met die gemeente te leer, moeilike gesprekke te fasiliteer en verandering met geloof en onderskeidingsvermoë te begelei.

My betrokkenheid by interim fasilitering binne die Sentrum vir Gemeentelike Bediening het ook gewys dat hierdie begeleiding nie slegs vir individuele gemeentes belangrik is nie. Dit gaan nie bloot oor strukturele verandering nie, maar oor die geloofsonderskeiding wat nodig is om saam verantwoordelikheid vir die kerk se bediening te aanvaar.

Interim fasilitering, begeleiding en toerusting is nie 'n waarborg dat elke gemeente sal groei of dat alle probleme sal verdwyn nie. Dit bied eerder 'n doelbewuste ruimte waarbinne gemeentes hulle identiteit, verhoudings, leierskap en missionale roeping kan ondersoek en ontwikkel.

Die uiteindelike maatstaf is nie hoeveel programme ons aanbied, hoeveel geld ons insamel of hoe suksesvol ons bestaande strukture behou nie. Die belangriker vraag is of ons getrou leef aan die roeping wat God aan sy kerk gee.

Bestuursprobleem of roepingsprobleem?

Gemeentes hoef nie bang te wees vir eerlike gesprekke of die erkenning dat sekere dinge moet verander nie. Juis in die onsekerheid van oorgang kan nuwe insigte, verhoudings en moontlikhede ontstaan.

Die grootste gevaar is nie noodwendig dat gemeentes klein word of minder hulpbronne het nie. Dit is dat hulle so besig raak met hulle eie voortbestaan dat hulle vergeet waarvoor God hulle geroep het. Wanneer 'n gemeente nie meer duidelik kan sê wie sy dien, waarom sy bestaan en hoe sy deelneem aan God se sending nie, het sy meer as 'n bestuursprobleem.

Daarom is die uitnodiging aan elke gemeente, ook binne die GKSA, om weer stil te word, te luister en eerlik te vra: Is ons nog besig met die werk waartoe God ons geroep het, of het die instandhouding van die kerk ons roeping geword?

Die antwoord op hierdie vraag kan die begin wees van 'n nuwe geloofsreis – nie omdat ons al die antwoorde het nie, maar omdat ons bereid is om weer te luister na die God wat sy kerk roep en stuur.

DK

**Dr. Hannes het in 2021 sy Doktorsgraad in Missiologie aan die NWU gedoen. Sy promotor was prof. Naas Ferreira en sy tesis het gehandel oor brugbediening in vakante gemeentes gemik op 'n missionale fokus.*